# Boere optimisties oor sojabone

Deur **Gerrit Bezuidenhout**

Daar heers groot optimisme by die Proteïennavorsingstigting dat sojabone aan die vooraand van sterk groei staan. As een van die grootste produksiegebiede van sojabone in Suid-Afrika is dit goeie nuus vir boere in KwaZulu-Natal.

Die optimisme oor sojabone word bevestig deur die prys van die kommoditeit. Dit het die hele jaar baie sterk vertoon en inderdaad 'n volwaardige mededinger vir mielies geword. Volgens die Buro vir Voedsel- en Landboubeleid (BFAP) het laer pryse vir mielies en beter pryse vir oliesade daartoe gelei dat sojaboonaanplantings in 2010/'11 met 34% tot 418 000 hektaar gestyg het.

Terselfdertyd word verwag dat hierdie rekord-aanplanting reeds teen volgende jaar verbeter sal word. Die BFAP verwag dat boere die totale aantal hektare onder sojaboon-aanplantings in 2012 tot sowat 424 000 hektaar gaan opstoot. Daarna behoort sojaboonaanplantings teen 5,7% per jaar te groei.

Volgens mnr Gerhard Scholtemeijer, voorsitter van die Proteïennavorsingstigting, is die internasionale situasie met betrekking tot sojabone tans besonder stabiel. Die vraag na bone, olie en proteïen is besonder goed, terwyl die vraag na sojabone, wat benut kan word vir die maak van biodiesel en vir menslike verbruik, ook goed lyk.

Die plaaslike verbruik van sojabone sal na verwagting oor die volgende dekade met amper 300% styg. Dit is veral in die parsbedryf waar die grootste groei verwag word. Ten spyte van die sterk groei in die plaaslike vraag is die voorspelling dat Suid-Afrika 'n uitvoerder van sojabone sal bly, veral na lande in Asië waar Suid-Afrikaanse sojabone in die groeiende tofu-mark se behoeftes sal voorsien.

Weens laer internasionale sojaboonpryse verwag die BFAP dat die Safex-sojaboonprys volgende laer sal neig, vanaf 'n gemiddelde prys van R3 353/ton vanjaar tot R3 176/ton. Die groei in die plaaslike vraag behoort egter vanaf 2013 stoom op te tel, wat weer op sy beurt die plaaslike sojaboonprys behoort te ondersteun.

Terselfdertyd verwag die BFAP dat die produksie van sojaboonoliekoek, wat die grootste proteïenvoedingsbron in die land is, vanjaar 'n totaal van 213 000 ton behoort te bereik.

Die BFAP skryf hierdie groei toe aan die sterk uitbreiding van die plaaslike sojaboonparsbedryf. Hierdie groei is baie sterk, veral wanneer in ag geneem word dat die produksie van sojaboonoliekoek verlede jaar op 148 000 ton te staan gekom het.

Die plaaslike vraag na en verbruik van sojaboonoliekoek sal na verwagting groei van sowat 1,2 miljoen ton vanjaar tot 1,7 miljoen ton teen 2020. Dit is groei van 4,3% per jaar. Boonop behoort die invoer van sojaboonoliekoek gedurende hierdie tydperk af te neem omdat die plaaslike produksie vinniger behoort te groei as die plaaslike vraag.

Suid-Afrika sal egter 'n groot netto invoerder van sojaboonoliekoek bly en die plaaslike sojaboonoliekoekprys sal deurgaans sterk beïnvloed word deur internasionale pryse, sowel as die wisselkoers.

**Die plaaslike produksie van sojaboonoliekoek behoort vinniger te groei as die vraag.**

Die **tabel** gee die jongste verwagte produksieskattings van die verskillende provinsies weer. Daarin kan gesien word dat KwaZulu-Natal op twee na die grootste produksiegebied van sojabone in die land is.

Volgens die Nasionale Oesskattingskomitee se sewende produksieskatting is die produksieskatting van sojabone onveranderd gelaat op 708 750 ton. Die geskatte oppervlakte wat met sojabone beplant is, is 418 000 ha, terwyl die verwagte opbrengs 1,70 ton per hektaar behoort te wees.

Die komitee se produksieskatting vir sojabone in KwaZulu-Natal beloop sowat 34 000 ha vir 2011, met 'n produksieskatting van 91 800 ton. Dit is 4 000 ha meer as verlede jaar en meer as 20 000 ton hoër as in die ooreenstemmende tyd verlede jaar.

Met publikasie was die verhandelingsprys van sojabone op die Chicago se graanbeurs (CBOT) R3 447/ton vir die week tot 12 Augustus, R3 538/ton vir die week tot 19 Augustus en R 3 638/ton vir die week tot 26 Augustus.

Op die plaaslike Safex-mark was die pryse onderskeidelik R3 430/ton, R3 470/ton en R 3 515/ton – alles pryse wat daarop dui dat sojaboonboere in een van Suid-Afrika se grootste sojaboonproduserende provinsies vanjaar rede gaan hê om breed te glimlag. LB

**Aanplantings en oes van sojabone**

| PROVINSIE | OPPERVLAKTE BEPLANT (HA) | 7DE SKATTING (TON) | OPPERVLAKTE BEPLANT (HA) | FINALE OES (TON) |
|---|---|---|---|---|
| | 2011 | 2011 | 2010 | 2010 |
| Wes-Kaap | - | - | - | - |
| Noord-Kaap | 500 | 1 500 | 650 | 1 950 |
| Vrystaat | 135 000 | 189 000 | 95 000 | 151 950 |
| Oos-Kaap | 1 000 | 1 500 | 800 | 1 200 |
| KwaZulu-Natal | 34 000 | 91 800 | 30 000 | 73 500 |
| Mpumalanga | 190 000 | 294 500 | 145 000 | 239 600 |
| Limpopo | 23 500 | 58 750 | 18 000 | 50 400 |
| Gauteng | 14 000 | 21 700 | 12 000 | 20 400 |
| Noordwes | 20 000 | 50 000 | 10 000 | 27 000 |
| TOTAAL | 418 000 | 708 750 | 311 450 | 566 000 |

Bron: Nasionale Oesskattingskomitee